e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

19 September 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 31

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Het ons nie dalk vir ons "siele" weggehardloop nie?

Gedurende die grensoorlog, so vertel iemand my, was 'n klompie Suid-Afrikaanse soldate besig om saam met Boesman-spoorsnyers op 'n spoor te hardloop toe die Boesmans ewe skielik stop en onder 'n boom gaan sit. Die soldate vra toe, *waarom sit julle – julle kan mos nie moeg wees nie?* Toe sê een, *ons wag so bietjie dat ons siele kan bykom. Ons het vir ons siele weggehardloop*.

Hierdie storie het my oor ons Kerk laat dink. Het ons nie dalk ook vir ons "siele" weggehardloop nie? Vir my voel dit of ons vreeslik baie tyd aan minder belangrike goed bestee, dinge soos basaars en fondsinsamelings en die instandhouding van geboue... Dink byvoorbeeld hoeveel ure stry ons soms op vergaderings oor woorde. Het ons nie dalk besig geraak met die kerk van God en die God van die kerk vergeet nie? Ek weet geen gemeente kan sonder fondsinsamelings oorleef nie en ek weet dit is soms nodig om oor woorde te stry. Maar op watter manier dra dit by om mense se verhouding met God te stimuleer? Gaan 'n woord soos *volkskerk* as deel van die Kerkorde of nie, daartoe bydra dat mense in kontak met die lewende God gebring word of nie?

Sonder om aanspraak te maak op intensiewe eksegese, lyk dit vir my of ons in Kolossense 1 iets van die "siel" van die kerk kry. Paulus sê vier baie belangrike goed. In vers 3 sê hy: *Wanneer ons tot God, die Vader van ons Here Jesus Christus, bid, dank ons Hom altyd vir julle omdat ons gehoor het van julle geloof in Christus Jesus.* Dis waaroor dit in 'n gemeente behoort te gaan – *geloof in Christus Jesus.* Ons kan die grootste basaars hou, ons kan woorde in die Kerkorde voeg of uithaal... ons kan die suiwerste teologie beoefen, maar as dit nie oor geloof in Jesus Christus gaan nie, is alles tevergeefs.

Tweedens dank Paulus God vir hul liefde: ek dank God altyd *vir julle liefde vir al die gelowiges.* Weer kan ons sê, al hou ons die grootste basaar in die wêreld, al het ons 'n perfekte Kerkorde, al is ons teologie die suiwerste van alle kerke s'n en ons het nie liefde nie, is ons niks meer as *'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal* nie (1 Kor 13). Ons hoef nie baie ver in die geskiedenis te gaan delf om te besef dat daar van liefde nie veel sprake in ons Kerk is nie... hofsake teen die Kerk en persone, eiendomme wat sonder toestemming vervreem word, verdagmakery, laster… Ek is nie so seker of Paulus vandag met oortuiging die volgende sou kon bid nie: *Wanneer ons tot God, die Vader van ons Here Jesus Christus, bid, dank ons Hom altyd vir* die *liefde* van die Hervormde Kerk en vir hul liefde vir *al die gelowiges*.

Hierdie geloof en liefde *is gegrond op die hoop wat vir julle in die hemel bewaar word en waarvan julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan julle verkondig is.* Die gelowiges in Kolosse kon glo en liefhê op grond van die evangelie van Jesus wat aan hulle verkondig is, nie politiek of geskiedenis of enige iets anders nie, net die evangelie van Jesus Christus. Wanneer mense die evangelie van Jesus Christus hoor, kom daar, deur die werking van die Heilige Gees, geloof, liefde en hoop.

Die komende Kerkvergadering behoort oor niks anders te praat nie as oor hoe om die evangelie, tydig en ontydig, aan klein en groot te verkondig. En dit nie met hoë woorde en ingewikkelde teologie nie. Madeleine van Biljon skryf op 'n plek, die enigste probleem wat sy met teoloë het, is dat hulle dit so ingewikkeld maak vir mense om God te leer ken. Ons Kerk het nou meer as ooit nodig om die evangelie van Jesus Christus onverkort te hoor. En wie weet, dalk net, met die genade van Bo, kan ons weer begin groei en vir die Here word wat Hy graag wil hê ons moet wees.

Dr Piet van Zyl
Ermelo

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Die 70ste AKV vind plaas van Sondag 22 tot Saterdag 28 September by die Aula, Universiteit van Pretoria. Daar sal dus nie volgende week, op Donderdag 26 September, 'n *e-Hervormer* verskyn nie. Belangstellendes kan die AKV via die sosiale media volg. Lees op die Kerk se *Facebook*-blad, of volg die volgende twee *Twitter*-adresse: @NHKvanA en #70AKV.



Ds Neels van Tonder

- **Ds Neels van Tonder** van Gemeente Buffelspoort het op Maandag 16 September 'n hartaanval gehad. Hy is tans in Wilgers-hospitaal waar hy uitgebreide toetse en 'n prosedure ondergaan het. Sy toestand is stabiel. Ons bid hom spoedige en algehele herstel toe.

- **Dr Gerhard Lindeque** (Midstream) **se vader, Jan,** wat vroeër vandeesmaand 'n rugoperasie ondergaan het, is in die hoësorgeenheid van Unitas-hospitaal opgeneem nadat komplikasies ingetree het. Jan, van Gemeente Swartkop, het langer as 50 jaar ononderbroke as diaken in die Kerk gedien en is sedert Mei 2012 ouderling in sy gemeente. Ons bid dat oudl Jan volkome sal herstel, en wens die familie ook baie sterkte toe in hierdie moeilike tyd.

Prof Piet en Riekie van der Merwe

- Emerituspredikant **prof Piet van der Merwe** se gesondheidstoestand is tans goed en sy gemoed positief, hoewel die langtermynprognose van sy siekte negatief bly. Ons bid hom en Riekie die Heer se vrede en vertroosting toe.

- 'n Dokument wat kortliks die Kommissie van die **AKV se hantering van die proses van kerklike afskeuring** uiteensit, sal teen Vrydag 20 September op die elektroniese gespreksblad van *Die Hervormer* geplaas word. Gaan gerus na **www.hervormer.co.za** → Teologiese gesprek om dit af te laai of te lees.

- Die volgende besluite is deur die Kommissie van die AKV geneem tydens die vergadering gehou op 5 en 6 September:

  - **Prof AC (Adriaan) Neele** is op 5 September 2013 gelegitimeer en beroepbaar gestel in die NHKA.
  - **Ds WH (Willem) Barnard** is losgemaak van sy standplaas, Gemeente Stilfontein, vanaf 1 Januarie 2013.
  - **Ds M (Maritza) Botha** se aansoek om van **Gemeente Coligny** losgemaak te word op 30 September 2013 met behoud van ampsvoorregte, is goedgekeur. Sy word beroepbaar gestel in die NHKA.
  - Die Kommissie bekragtig **ds P (Ronel) Eckard** se bedanking op 12 Augustus 2013 as predikant van die NHKA.
  - Die Kommissie bekragtig **ds FH (Freek) van der Merwe** se bedanking op 27 Augustus 2013 as predikant van die NHKA.
  - Die Kommissie het besluit om **ds EC (Eddie) Eckard** se ampsvoorregte kragtens Ordinansie 8.6.1 op te skort.
  - Die werksaamhede van die Ringskommissie van die **ring van Zoutpansberg** is kragtens Ordinansie 8.2.4.3 met onmiddellike effek opgehef.
  - Die kerkraad van **Gemeente Zoutpansberg**, behalwe ouderlinge Kern en Truter, en diakens Kern en Truter, is met onmiddellike effek uit die amp onthef.
  - **Gemeente Midrand** se aansoek om hul standplaas te wysig van deelsorg- na deeltydse bediening is goedgekeur.
  - **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** se aansoek om die skep van 'n benoemingstandplaas is goedgekeur.
  - **Gemeente Krugersdorp-Noord** se aansoek om die skep van 'n tweede

standplaas is goedgekeur.

- **Gemeente Bloemfontein** se aansoek om die skep van ’n deeltydse standplaas is goedgekeur.
- **Gemeente Klerksdorp** se aansoek om van emerituspredikant **ds PJE (Piet) Botha** se dienste gebruik te maak as pastorale hulp tot aan die einde van 2014 is goedgekeur vir slegs een jaar, en die gemeente word versoek om daarna hul standplaas te vul.
- **Gemeente Vryburg** se aansoek om van emerituspredikant **ds H (Hennie) Aucamp** se dienste gebruik te maak as ’n brugpredikant tot einde Oktober 2013 is goedgekeur.
- **Gemeente Rietspruit** het op 9 September 2013 laat weet dat **ds M (Manda) le Roux** tot 29 September 2013 in diens van die gemeente sal wees.

- **Voorstelle en mosies tydens die 70ste AKV:** Die verloop van die 70ste AKV sal aansienlik vergemaklik word indien voorstelle en mosies, waar moontlik, elektronies ingedien word by die Formuleringskommissie. Vir hierdie doel is **’n pasklaar dokument** ontwerp wat u kan aflaai op u rekenaar of geheuestokkie en wat dan as templaat gebruik kan word vir die indien van voorstelle en mosies tydens die vergadering. U kan die dokument aflaai by **www.nhka.org** → So werk ons → Amptelike dokumente. U sal die skakel heelonder op die bladsy vind onder die opskrif **70ste Algemene Kerkvergadering**.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Alle mense het behoefte aan erkenning. Wanneer ’n ouer persoon aanbied om iets te doen of met iets te help, behoort ons dit aan te moedig, behalwe as dit die ouer persoon kan benadeel. ’n Mens met ’n positiewe, goeie selfbeeld is ’n gelukkige mens waarmee almal makliker oor die weg kom. Wees dus ook bedag daarop dat jy nie iets doen wat die selfbeeld van ouer persone kan skaad nie. Vir meer inligting, kontak die **ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB)** by 082 786 8448.

- Gemeentes en individue word daaraan herinner dat hulle hul **tydskrifintekenings** moet hernu, anders verdwyn hul name van die verspreidingslyste en ontvang hulle volgende jaar geen publikasies nie! Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za** om in te teken. Die pryse in 2014 is soos volg:

  Konteks
  R170 vir 10 uitgawes, R20 per individuele uitgawe (laasgenoemde posgeld uitgesluit)
  Die Hervormer
  R120 vir 11 uitgawes, R15 per individuele uitgawe (laasgenoemde posgeld uitgesluit)
  Almanak/Bybelse Dagboek
  R130 (posgeld uitgesluit as u dit nie by die gemeente afhaal nie)

- **ADV SE JAAR VIR GESTREMDHEID**. **Respekteer en akkommodeer.** Moet nooit deure *halfoop* (of *halftoe*) laat staan in die werkplek of tuis wanneer ’n blinde wat nie van ’n kierie of ’n gidshond gebruikmaak daar is nie. ’n Blinde persoon kan dikwels ’n heel oop of heel toe deur “aanvoel”. Maar ’n halfoop deur voel dalk oop, en dan loop hulle dikwels eerste met die gesig teen die deur vas.

- **POS VIR JEUGWERKER: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin** beskik oor ’n vakature vir ’n Jeugwerker, verkieslik tussen 20 en 35 jaar oud. ’n Passie vir kinders en jongmense, en goeie menseverhoudings is van die vereistes wat gestel word. Die jeugwerker sal verantwoordelik wees vir die organisasie en fasilitering van die totale jeugbediening van voorskools tot jong werkendes. Lidmate van Afrikaanse kerke, proponente en predikante is welkom om aansoek te doen. Die salarispakket is onderhandelbaar met ’n vaste **termynkontrak van 12 maande** gekoppel aan prestasiedoelwitte. Die datum van **diensaanvaarding**

is **1 Januarie 2014**. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **Sondag 13 Oktober 2013**. Belangstellende kandidate moet 'n volledige CV aan die skriba stuur by e-posadres **nhkdoringkruin@telkomsa.net**. Indien aansoekers binne twee weke na die sluitingsdatum niks van die gemeente gehoor het nie, kan aanvaar word dat die aansoek onsuksesvol was. Die volledige advertensie kan by bogemelde e-posadres aangevra word.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Vaalpark: Uitreik na Dowes en hardhorendes**
  Sondag 29 September om 09:00
  hv Opperman- en Prinsbergstraat, Vaalpark
  Gelei deur ds Jan-Harm Barkhuizen van Gemeente Weskus
  Kontak Schalk by 083 236 3663 of Mardi by 083 233 3837 vir besonderhede

- **Gemeente Wonderboompoort: 60-jaar-viering: *Sixties***
  25, 26 en 27 Oktober
  Op kerkterrein in Eloffsdal, Pretoria
  Stuur groetewense, staaltjies, herinneringe en foto's vir gedenkblad
  Baardgroeikompetisie vir die manne
  Modeparade met toeka se klere vir die dames
  Kontak skriba Sieg Schwarzer by 012 335 4181 vir meer inligting
  Gedenkbladbydraes aan ds Carel-Johann de Bruin by **cjdb@telkomsa.net**

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met Doop Sondag
  Gedenkalbum teen R440 plus posgeld
  Kontak Dolla Coetzee by **dollacoetzee@telkomsa.net**
  of 073 170 5325 om te bestel
  Navrae aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 4 Oktober, en word hartlik geluk gewens.**

o	Donderdag 19 September:	Di AJ (Attie) Hattingh (Delareyville) en AJ (Kobus) Pienaar (Kruin)
o	Vrydag 20 September:	Ds S (Suzelle) Lange (Rustenburg Jac van Belkum)
o	Saterdag 21 September:	Prof AD (Adriaan) Pont (emeritus)
o	Sondag 22 September:	Di ZC (Zet) Robberts (Heidelberg) en E (Errol) Sheppard (Vaalpark)
o	Maandag 23 September:	Dr GJ (Gert) Malan (Mosselbaai), di DW (Wouter) Beukes (Springs-Noord) en CJ (Neels) Botha (emeritus)
o	Dinsdag 24 September:	Ds JM (Thinus) van Staden (Montana)
o	Donderdag 26 September:	Ds MJ (Marna) van der Westhuizen (Oos-Moot)
o	Saterdag 28 September:	Prof IWC (Natie) van Wyk (AIM)
o	Sondag 29 September:	Ds BM (Buddie) Dupper (Amsterdam/ Piet Retief/Pongola)
o	Maandag 30 September:	Di JAAA (Jan) Schroeder (emeritus) en MM (Mariëtte) van der Berg (buiteland)
o	Woensdag 2 Oktober:	Prop JH (Hendrik) Breytenbach (studerend) en ds CJ (Charel) van der Berg (Ladysmith)

- Donderdag 3 Oktober: Ds PJ (Piet) van der Merwe (emeritus)
- Vrydag 4 Oktober: Ds SA (Schalk) Kok (Potchefstroom-Noord)

Beplande vergaderings

- Donderdag 19 September: Ledevergadering Ons Tuis
- Vrydag 20 September: Finkom van die OSR
- Sondag 22 September tot Saterdag 28 September: 70ste AKV
- Donderdag 3 Oktober: Finkom van die ADV

Kursusse en toerusting

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir 'n **student**. Dit bestaan uit 'n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur 'n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamer-inwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 x etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys**
  24-uur versorging met drie maaltye word voorsien
  Tans is daar beskikbare kamers:
  o 2 enkelkamers suidekant @ R5 800
  o 2 beddens in die 4-bed-kamer @ R5 800
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans beskikbaar:
  4 x kamers met eie geriewe, ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes wat self hul kamer en wasgoed kan doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder, mev Mariana van Tonder, by 015 491 6314

- **Gratis verblyf beskikbaar tydens die AKV einde September**
  Kamer met 2 enkelbeddens (Erasmia)
  Kontak Isme (Dalton) Gates by 082 962 2870

Konserte en feeste

- **Saterdag 21 September om 09:00: Gemeente Hartebeeshoek**
  Nataniël
  La Louise Venue, Willem Cruywagenstraat 155
  Hesteapark, Akasia
  Koste: R170, koffie, tee en verversings na vertoning
  Kontak Lizette Goosen by 082 539 1456
  of Mariana de Villiers by 072 128 2692

- **Saterdag 5 Oktober om 14:30: Gemeente Turffontein in Johannesburg**
  Damestee: *Vrouedag* met Sonja Herholdt
  NG Kerksaal, Dalehamstraat, Mondeor, Johannesburg
  R100 per persoon
  Skakel mev Pikkie van der Westhuizen by 083 320 8262
  of Nellie Stipec by 083 449 6155 vir besprekings en besonderhede
  Verversings sal bedien word

- **Vrydag 25 Oktober om 19:00: Gemeente Strand**
  Konsert met Kurt Darren
  By Hoërskool Hottentots-Holland
  R120 volwassenes en R80 laerskoolkinders
  Navrae aan Douw Steyn by 071 382 1900

Kampe en toere

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 1 tot 17 Mei 2014**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /

ernest.vaneck@up.ac.za
of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
louise.geyser@absamail.co.za

Sportbyeenkomste

- **Vrydag 4 Oktober: Gemeente Sasolburg: Gholfdag**
  By die *Riviera on Vaal* Gholfklub in Vereeniging
  Formaat is 'n *Betterball Stableford*
  R1 500 vir 'n vierbal of R250 per individuele speler
  Verversings ingesluit, verskeie pryse te wen
  Kontak André by 083 225 2388 of kerkkantoor by 016 976 4903

- **Vrydag 4 Oktober: Gemeente El-Flora: Gholfdag**
  CMR-golfbaan in Maraisburg
  R1 200 per vierbal
  Navrae aan Pierre van Belkum by 082 786 5782 /
  Piet Steenkamp by 083 400 4661 / Allan Botha by 083 627 0691

- **Vrydag 11 Oktober: Gemeente Bronkhorstspruit: Gholfdag**
  Bronkhorstspruit-gholfbaan
  Afslaantyd: 11 uur
  Formaat: 4-bal beterbal
  R250 per persoon (sluit ligte versnaperinge in)
  Borgskappe: R2 500 per putjie (sluit 4 spelers in)
  Kontak Attie Botha by 083 627 4263

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Bergsig: Bybelloop op Saterdag 19 Oktober**
  09:00 tot 11:00
  By Suiderbergskool In Denyssenlaan, Mountain View
  R20 per persoon
  Inskrywingsvorm beskikbaar by kerk of op die terrein vanaf 08:00
  Donasievorms ook beskikbaar
  Kontak ds Freddie Nortjé by 074 308 7332
  of oudl Hannes de Wet by 082 424 3560
  of Tina van der Schyff by 078 682 7093

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000 Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery**
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
  Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
  Trekking in Oktober 2013
  Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
  by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
  Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2014, trekking 1 Junie 2014
  (Die kompetisie se sluitingsdatum van 31 Augustus 2013
  is verleng na 31 Mei 2014
  en die trekking uitgestel na 1 Junie 2014,
  omdat die kaartjieverkope tot dusver
  nie die prysgeld regverdig nie.
  Navrae aan Alida Reed by 011 826 4625

op Dinsdae, Woensdae en Vrydae 09:30-14:00.)
Kaartjies: R100 donasie
1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke
plus 5 dae en 4 nagte verblyf
2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok
plus 4 dae en 3 nagte verblyf
3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok
plus 3 dae en 2 nagte verblyf
Geborg deur Chaan Bezuidenhout
Plaas se professionele jagter kan gebruik word
Kontak Alida Reed by 082 228 3552
of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895

Basaars en markte

- **Gemeente Ventersdorp: Uitslae van Boerebasaar 31 Augustus**
  Mario Roscher, voorsitter van die Diakensvergadering, laat weet soos volg: "Tydens ons kerkbasaar is daar skyf geskiet, en dit is 'n groot uitdaging in Ventersdorp. Hierdie is nie 'n Van der Merwe-grappie nie – die Van der Merwes het behoorlik met die pryse weggestap by hierdie kompetisie.
  Senior Afdeling
  1ste prys: Jaco van der Merwe
  2de prys: Dwayne van der Merwe
  3de prys: Abrie van Wyk
  Junior afdeling
  1ste prys: Gunther van der Merwe
  2de prys: Dillon van der Merwe
  3de prys: Aldred Ekerman
  Kyk, op Ventersdorp soek jy nie moeilikheid met die Van der Merwes nie."

- **Saterdag 26 Oktober: Gemeente Kempton Park-Oos**
  KPO Lekker Kuier Kontreifees
  Uitstallers en kosstalletjies
  Gaskunstenaar Die Flooze (Sorina)
  Toegang R20 per persoon
  Kom geniet 'n heerlike dag
  Kontak Anneline by 082 924 7344 of Marius by 072 778 1033

- **Saterdag 30 November: Gemeente Strand: Basaar**
  Plek: Saal van NG Moedergemeente
  Adres: hv Birkenhead- en Faganstraat
  Van vroeg tot laat met alles en nog wat
  Kom besoek ons en ondersteun ons as u in die omgewing is
  Navrae aan Douw Steyn by 071 382 1900

ANDER NUUS

- **VAKATURE:** Die Ondersteuningsraad in Newlands, Johannesburg, beskik **vanaf 1 Oktober 2013** oor 'n **2/8ste pos (10 ure per week)** vir 'n **sekretariële beampte**. Die geskikte kandidaat moet minstens oor 'n graad 12-kwalifikasie beskik, rekenaargeletterd wees, goeie menseverhoudings handhaaf en 'n goeie kennis van boekhouding hê. Die salaris word bepaal volgens die ervaring van die applikant. Stuur u CV na **oraad@nhk.co.za** of faks dit na 012 322 5787. Vir meer inligting, skakel Ansie Cromhout by 012 322 8885 x290. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **30 September 2013**.

- **VAKATURES: MAATSKAPLIKE WERKERS**
  Die Ondersteuningsraad is 'n geregistreerde welsynsorganisasie wat maatskaplike dienste lewer. Die OSR beskik tans oor vakante maatskaplikewerkposte by die

volgende kantore:
- Brakpan (2 voldagposte)
- Elsburg (1 voldagpos)
- Vanderbijlpark (1 6/8ste pos)

Applikante moet aan die volgende vereistes voldoen:
- Moet beskik oor ’n maatskaplikewerkgraad of kan ’n finalejaar (studies voltooi einde 2013) maatskaplikewerkstudent wees.
- Moet oor ’n geldige rybewys beskik.
- Moet by die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer wees.

Kontakbesonderhede vir CV
Tel 012 322 8885 x290 (mev Ansie Cromhout), faks 012 322 5787
E-pos: **oraad@nhk.co.za**

- **PREDIKANTESEMINAAR**
  Maandag 14 Oktober 09:00 tot 16:00
  Tema: *Tussen-Testamentêre Tydperk / Tweede Tempelperiode – stil of nie?*
  Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus
  Kamer 204, Fakulteit Teologie
  Aanbieders dr Jacobus de Bruyn, mnr Eugene Coetzer en prof Pierre Jordaan
  Alle kerkverbande se leraars word uitgenooi
  Dien as verdere opleiding vir predikante
  R320 per persoon, sluit middagete en verversings in
  Inskrywings teen Vrydag 20 September op die laatste
  Navrae aan dr Jacobus de Bruyn by 072 606 1661 /
  jacobus.debruyn@gmx.com

- **UP FAKULTEIT TEOLOGIE**
  Heidelbergse Kategismus 450 Konferensie
  28-29 Oktober
  Aangebied deur die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg
  Proff Eberhard Busch, Natie van Wyk, Christina Landman, D Ottati
  Drr Kobus Labuschagne, Wim Dreyer, Johan van der Merwe
  Navrae aan dr Wim Dreyer by **wim.dreyer@up.ac.za**

- **BEELD-KINDERFONDS**
  - **Wen ’n Peugeot**
    SMS PEUGEOT na 32541 of SMS KINDERS na 32541
    R25 per SMS
  - **Kerskonsert**
    Woensdag 27 November in Pretoria
    R110 en R155

  Navrae aan Adrie van Staden by 011 976 2273 / 073 749 2697
  Besoek **www.beeldkinderfonds.co.za**

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg

Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

AGTERBLAD

Nuut in Oktober 2013

Konteks*: Termynoorsig 2010 – 2013.** 'n Unieke eerste in die Kerk: 'n ***Termynoorsig wat iets kommunikeer van die wesensaard van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika oor die afgelope termyn van die 69ste Algemene Kerkvergadering, 2011 – 2013. Die Kommissie van die AKV het besluit dat *Konteks* die ideale voertuig vir hierdie doel sal wees, en gevolglik is die uitgawe in geheel daaraan afgestaan. 'n Spesiale redaksie is benoem, en het reeds aan die einde van 2012 vergader om die werk te beplan. Die verloop van *die Kerk se verhaal* volg breedweg die bekende indeling van die webblad en brei dit ietwat uit om vir al die werkterreine en wesenseienskappe van kerkwees voorsiening te maak.

Die Hervormer. Kort voor die 70ste AKV kyk ons met 'n fotobeeld terug op die laaste paar AKV's, en besin ons oor wat voorlê. Ons vier ook die Bybel in Afrikaans. Lees ook ds Oppies Opperman se oordenking vanuit die oorloggeteisterde Afganistan.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel